


# AKTIVITEIT VIR DIE WEEK

Begin



Einde



## VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

### Maandag

1. Wat beteken vers 13?
2. Hoe kan jy jou “in diens van God stel”?
3. Verduidelik “Wat dood was maar lewend gemaak is”?
4. Wat is God se “werktuig”?



### Dinsdag

1. Wat se sonde is “baas” oor jou?
2. Wat kan jy doen om dit te verander?
3. Dink jy God kan jou help hiermee?
4. Met wat gaan jy dit vervang?



### Woensdag

1. Het enige van jou maats of familie n verandering in gedrag nodig?
2. Hoe dien hulle God?
3. Hoe dink jy voel God daaroor?
4. Dink jy hulle kan meer doen?



### Donderdag

1. Wat gaan jy vandag doen om mense te wys jy glo 100% in God?
2. Kan mens n kind van God wees sonder om dit te sê?
3. Hoe kan ek en my familie die week God dien?
4. Daag iemand uit om God te leer ken?



## Romeine 6:1-13 “Let Go and let God”

1Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? 2Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe? 3Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? 4Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. 5Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. 6Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. 7Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde. 8Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe. 9Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. 10Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. 11Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus. 12Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie. 13Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. 14Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade



Here, help my asb elke dag om te doen wat U wil. Amen